IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA Ass. 2

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-05-30 en
1986-06-02

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN
ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL
PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 98

(Bladsye 4807 - 4854)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

JOHAN DANIËL DU TOIT, v.o.e.

MNR. HANEKOM : U Edele, hierdie getuie se getuienis gaan oor dieselfde gedeeltes in die akte van beskuldiging. Wil u hê ek moet dit weer noem?

HOF : Dit is 66?

MNR. HANEKOM : Daad 66.

ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Mnr. Du Toit, u is 'n adjudant-offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie verbonde aan die veiligheidstak gestasioneer te Pretoria? -- Dit is korrek.

U Edele, ek wil u net inlig dat hierdie getuie se getuienis gaan oor Atteridgeville en Saulsville soos in die nadere besonderhede.

Weet u of daar 'n organisasie Atteridgeville/Saulsville Residents Organisation wat afgekort word as ASRO bestaan het in die tydperk Augustus 1984 tot Maart 1985? -- Dit is korrek.

Bestaan het in Atteridgeville en Saulsville, Pretoria? -- Dit is korrek.

Net vir die inligting van die Hof, is die twee woongebiede aangrensend aanmekaar of wat is die posisie? -- Hulle is aangrensend. Dit vorm saam een Swartwoongebied.

Word hulle bedien deur 'n Gemeenskapsraad of 'n Stadsraad? -- Dit is korrek. Hulle word bedien deur Atteridgeville Gemeenskapsraad, Stadsraad soos dit nou bekend staan.

Het die organisasie ASRO in die tydperk Augustus 1984 tot Maart 1985 enige vergaderings gehou in die gebied? -- Op 4 November 1984 het ASRO 'n vergadering byeen geroep in Atteridgeville. Hierdie vergadering sou plaasvind om die verhoogde huistariewe wat gedurende daardie jaar verhoog sou word te bespreek en tydens hierdie vergadering het dr. Nkomo, wat ook die voorsitter is van ASRO, as voorsitter opgetree tydens hierdie vergadering.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

HOF : Is die dr. Nkomo 'n ou man of 'n jong man? -- Wel, ek skat hom hier naby die 50. Dit is 'n ouerige man.

MNR. HANEKOM : Is pamflette versprei in die gebied om hierdie vergadering aan te kondig? -- Ja, pamflette is versprei om hierdie vergadering aan mense bekend te maak in Atteridgeville en Saulsville.

Ek gaan aan u 'n pamflet toon. Dit sal wees AAW(5). Is die pamflet wat u nou voor u het een wat die spesifieke vergadering aangekondig het? -- Dit is korrek.

Het u self hierdie vergadering bygewoon? -- Ek was die betrokke dag in die woonbuurt en ek het met my voertuig net buitekant die kerk waar hierdie vergadering plaasgevind het gestaan waar ek die spreker, dr. Nkomo, in die kerk kon sien en gehoor het oor wat hy gepraat het. Ek het aan die begin selfs uit die voertuig geklim en by die kerk se venster gestaan.

Watter taal het dr. Nkomo gepraat? -- Dr. Nkomo het sy toespraak in Engels begin, waarna hy na 'n Swarttaal oorgeslaan het.

Die dele wat u kon verstaan van sy toespraak, waaroor het dit gehandel? -- Hy het die aanwesiges meegedeel dat dit ASRO is wat veroorsaak het dat die verhoogde huurtariewe nie in werking gestel is nie; dat daar druk op die Swartstadsraadslede uitgevoer moet word om te bedank uit hulle poste en dat daar aan skoliere gesimpatiseer moet word om skole en klasbywoning te boikot, totdat die Regering aan hulle eise voldoen.

Het dr. Nkomo gemeld wat die eise was? -- Hy het nie. Kort daarna het hy oorgeslaan na 'n Swarttaal. Hy het toe nie genoem wat hulle eis nie.

U het nou gepraat van die toespraak waarin gemeld is van die huurgeld. Ek sien op die pamflet AAW(5), die vertaling daarvan sê ook dat die organisasie ASRO het gemaak dat die

/verhoogde

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

verhoogde huurgeld afgebring word. Wat was die posisie in daardie tydperk in November 1984 in verband met huur in die gebied? -- Die verhoogde huur sou al sedert hier van Junie in werking gestel gewees het.

Junie 1984? -- 1984, ja, maar weens druk wat uitgeoefen was in daardie tydperk, het die Stadsraad besluit op 1 Oktober om nie meer voort te gaan met hierdie verhoogde huistariewe nie. Dit was uitgestel tot Maart 1985, maar dit is eers op 1 Junie 1985 finaal in werking gestel.

Weet u wat die bedrag van die uiteindelike verhoging was in Junie 1985? -- Ek dink dit was ongeveer R16,00.

HOF : Dit is met R16,00 verhoog? -- Dit is met R16,00 verhoog.

En ons praat nou van per maand? -- Dit is korrek.

MNR. HANEKOM : Dan meld BEWYSSTUK AAW(5) ook van verskuiwings van mense van Gebied 6 en 7. Weet u enigiets daarvan? -- Nee, ek dra geen kennis van enige verskuiwings van gebiede in daardie woonbuurt nie.

K307 HOF : Is Gebied 6 en 7 in Saulsville of in Atteridgeville? -- Dit sal in Saulsville wees.

MNR. HANEKOM : Is daar 'n verdere vergadering gehou deur die organisasie? -- ASRO het weer op 17 Februarie 1985 weer 'n vergadering gehou.

Ek toon aan u 'n pamflet. Is dit die pamflet wat die vergadering adverteer? -- Die vergadering was weer geadverteer deur middel van pamfletverspreiding. Dit is korrek, dit is die pamflet wat ek hier voor my het.

AAW(6). Het u hierdie vergadering bygewoon? -- Nee, hierdie vergadering is nie bygewoon deur my nie.

In die pamflet word melding gemaak van 'n huurverhoging vanaf 1 Maart 1985? -- Dit is korrek. Dit is waarop hulle dit uitgestel het vanaf die vorige jaar, maar hy het toe op 1

/Junie

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Junie finaal in werking getree.

HOF : Ek sien 'n spreker sou wees ene Popo Molefe. Ken u hom? -- Nee, ek ken hom nie persoonlik nie.

MNR. HANEKOM : Dan is daar weer 'n vergadering gehou, is dit korrek, deur ASRO op 17 Maart 1985? -- Dit is korrek.

Is die vergadering ook deur middel van pamflette adverteer? -- Die vergadering is ook deur middel van pamfletverspreiding adverteer.

Ek toon weer aan u 'n pamflet. Dit sal AAW(7) wees. Het u hierdie vergadering bygewoon? -- Hierdie vergadering was ook nie deur my bygewoon nie.

Het die vergadering wel plaasgevind? -- Die vergadering het wel plaasgevind.

HOF : Het die vorige vergadering plaasgevind? -- Die vorige vergadering het wel ook plaasgevind.

MNR. HANEKOM : Die pamflet AAW(7) maak weer eens melding van die huurgeld wat moet afgaan en dan word daar ook melding gemaak van 'n verskuiwing van 'n taxi-staanplaas vanaf die stad na Marabastad. Weet u enigiets daarvan? -- Ja. Wat betref die huurmotorstaanplek, hulle sou hom verskuif het van onder in Boomstraat na Marabastad.

Dit is in Pretoria? -- Dit is in Pretoria, maar as gevolg van 'n interdik het die Hoërhof besluit in Pretoria daar is nie voldoende geriewe vir Swartes nie, daarom is die taxi-plek nie verskuif nie.

Was daar enige skole-onrus in Atteridgeville en Saulsville in 1984? -- Weens die skole-onrus wat gedurende die hele jaar alreeds plaasgevind het in Atteridgeville ... (Mnr. Hanekom kom tussenbei)

Die hele jaar 1984? -- 1984, ja.

HOF : Net in Atteridgeville? -- Ja, dit sluit Saulsville in.

/ Was

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Was die Onderwysdepartement, Onderwys en Opleiding verplig om die skole vanaf Julie 1984 tot 9 Oktober 1984 te sluit. Op 11 Oktober is die skole heropen en gedurende daardie dag is pamflette versprei deur COSAS dat leerlinge klasse moet boikot totdat die Regering aan hulle eise voldoen.

Waarvoor staan COSAS? -- COSAS staan vir Congress of South African Students en hy was geaffilieer tot die UDF.

Terwyl u daarvan melding maak, die organisasie ASRO, was hy geaffilieer met die UDF? -- ASRO was ook geaffilieer tot die UDF.

Het u op van die pamflette wat versprei is beslag gelê? -- Ek het self van die pamflette in die woonbuurt opgetel.

Ek gaan aan u 'n pamflet toon, BEWYSSTUK AAW(8).

HOF : Is dit nie dieselfde pamflet wat ons al het nie? Ekskuus AAW(7) is nou vir my gegee.

MNR. HANEKOM : U het nou BEWYSSTUK AAW(8) voor u. -- Dit is een van die pamflette wat hulle versprei het.

Ek toon aan u nog 'n pamflet BEWYSSTUK AAW(9). Herken u die pamflet? -- Ek herken dit. Dit is ook een van die ander pamflette wat ek opgetel het.

Het die skole toe wel heropen en het skoolbywoning plaasgevind van 11 Oktober 1984 af? -- Die skole het wel geopen, maar die skoolbywoning was baie swak gewees. Die leerlinge het steeds klasbywoning geboikot en die redes wat hulle aangevoer het was dat hulle nie eindeksamen wou skryf nie.

Wat het 12 Oktober 1984 gebeur by die skole in Atteridgeville en Saulsville? -- Die 12de, die dag nadat die skole heropen het, was die skoolbywoning weer eens swak gewees en 'n groep jeugdiges, van die hoërskole, het feitlik alle laerskole se terrein betree en laerskoolleerlinge intimideer om die terrein te verlaat.

/Was

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Was daar net op die skoolterreine opgetree of wat het in die woongebied gebeur daardie dag? -- As gevolg van die veiligheid van die laerskoolkinders is toe al die laerskole gesluit en die polisie het opgetree waartydens daar klippe na die polisievoertuie gegooi is.

Op 23 Oktober 1984 was u aan diens by die Hoërskool D.H. Peta? -- Dit is korrek.

Waar is die skool geleë? -- Dit is 'n hoërskool in Atteridgeville.

Wat het daar gebeur? --'n Groep leerlinge het van die onderwysers geïntimideer om nie klasse by te woon nie, waarna hulle die skoolgeboue, die vensters, stukkend gegooi het met klippe en toe die polisie opgetree het, was hulle voertuie ook gegooi met klippe.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

JOHAN DANIËL DU TOIT, nog onder eed

ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM (vervolg) : Mnr. Du Toit, op 5 November 1984 was u aan diens in die gebied Atteridgeville en Saulsville? -- Dit is korrek.

Wat het die dag gebeur? -- Ek het die oggend vroeg die gebied gepatrolleer nadat 'n groep vakbonde besluit het om 'n algehele "stay-away" te reël ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Vir daardie dag? -- Vir daardie dag en die volgende dag ook, die 5de en die 6de November. Die strate was geblokkeer.

Hoe? -- Deur middel van klippe en ou motorwrakke wat in die strate gesleep was. Afleweringsvoertuie en busse van Putco wat in die woonbuurt werkers na hulle werk moes vervoer is aangeval met klippe deur jeugdiges en toe die polisie optree was hulle voertuie ook gegooi met klippe.

MNR. HANEKOM : Is daar daardie dag pamflette in die gebied

/versprei.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

versprei? -- Daar was pamflette versprei. Ek het die Donderdag, 1 November het ek pamflette in die woonbuurt self opgetel wat versprei is om hierdie "stay-away" aksie aan die inwoners bekend te maak.

Ek toon aan u 'n pamflet BEWYSSTUK AAW(10). Is dit die pamflet wat u gekry het? -- Dit is korrek. Dit is die pamflet wat ek opgetel het.

HOF : Was daar op u pamflet "Regional" deurgehaal en "National" geskryf? -- Net soos wat hy daar is, was hy versprei gewees.

MNR. HANEKOM : Punt 1 in die pamflet sê een van die vereistes is dat die Weermag en die polisie moet onttrek uit die woongebiede? -- Dit is korrek.

Was daar op daardie stadium wel Weermag en polisie ontplooi in Atteridgeville en Saulsville? -- Ja, daar was wel gewees, maar hulle het net ter ondersteuning gedien en hoofsaaklik buite sig gebly. Die patrollering was hoofsaaklik net deur die polisie gedoen.

Wat het gebeur die volgende dag, 6 November? Het werkers gaan werk of het hulle gehoor gegee aan hierdie oproep? -- Nee, die volgende dag het alles weer na normaal teruggekeer weens die teenwoordigheid van polisiepatrollies vroeg die dag.

Wat het in die gebied gebeur op die nag van 28 November 1984? -- Gedurende die nag ongeveer 01h00 die nag van 28 November was twee Stadsraadslede se huise met petrolbomme gegooi.

HOF : Dit is nou die nag van 28/29 of 27/28? -- 27/28.

MNR. HANEKOM : Waar is hulle huise geleë? -- Hulle altwee bly in Atteridgeville.

Kan u onthou wie hulle was? -- Die een is mnr. Ramala en die ander een is mnr. Sebonyane.

Is die huise naby aan mekaar geleë of ver van mekaar af?

/Nee

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

-- Nee, hulle is nie naby mekaar nie. Hulle is 'n paar blokke van mekaar af.

Wat het daardie maand, voor hierdie voorval, die maand November 1984 voorafgegaan in die woongebied? -- Dit is die skole-onrus wat nog geheers het en intens toegeneem het en ook die druk wat daar op raadslede toegepas was om te bedank as Stadsraadslede.

Kan u net meer inligting gee oor wat se druk toegepas was? -- Daar was geaggiteer dat die raadslede was beskou as die "puppets of the White regime".

Wie het dit gesê en hoe is dit oorgedra? -- Dit was juis tydens vergaderings, gedurende COSAS vergaderings en ook by ASRO vergaderings aan inwoners meegedeel.

Het die Gemeenskapsraad in daardie tydperk November 1984 gefunksioneer in Atteridgeville en Saulsville? -- Hulle het gefunksioneer.

Was daar aan die begin van Desember 1984 enige kampanje gevoer in die gebied? -- COSAS het aan die begin van Desember 'n "black Christmas" wat hulle genoem het, begin organiseer en inwoners was aangesê om geen kersinkope te doen vir die Kersfees van 1984 nie.

Is pamflette versprei? -- Daar was pamflette versprei, waarvan ek self een bekom het wat ek in die straat opgetel het.

Die pamflet wat u opgetel het, is dit die een wat ek nou aan u toon, BEWYSSTUK AAW(11)? -- Dit is korrek, dit is die pamflet.

Onder aan die pamflet, die derde reëltjie van onder af word verwys na "the spirit of Emma" ek kan nie die van mooi uitmaak nie? -- Satekge.

Daar word ook na haar verwys in die pamflet, BEWYSSTUK

/ AAW(8)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

AAW. Wie was dit? -- Emma Satekge was 'n leerling van die Hoërskool D.H. Peta en tydens skole-onrus gedurende Februarie 1984 was sy deur 'n polisievoertuig - na die polisie ingegryp het om die onrus te herstel op die skoolterrein - raakgery en later daardie dag is sy dood aan haar beserings.

HOF : Was sy op die skoolterrein? -- Dit was op die skoolterrein self gewees.

MNR. HANEKOM : Behalwe vir die verwysing na haar naam op die twee pamflette, het daar nog iets gebeur rondom haar naam in Februarie 1985? -- Tydens - die polisievoertuig was daardie dag ook met klippe gegooi terwyl hulle die skoliere uiteen gedryf het.

Dit is by die voorval self in 1984. -- Ja.

Wat het gebeur in Februarie 1985? -- Februarie 1985 is die dood van Emma Satekge herdenk, sowel as ook hierdie jaar.

Was enige organisasie verantwoordelik vir die herdenking? -- COSAS was daardie jaar gewees, maar nadat dit verbode verklaar was, het SAYO oorgeneem.

HOF : Wanneer is COSAS verbode verklaar? -- Augustus 1985.

Wat het toe oorgeneem? -- SAYO. Dit staan vir Saulsville/Atteridgeville Youth Organisation.

MNR. HANEKOM : Is SAYO geaffilieer by UDF? -- SAYO is ook geaffilieer tot die UDF.

Was die persoon Emma volgens u wete aan enige organisasie verbonde? -- Sover ons kennis strek was sy wel 'n lid van COSAS gewees.

Ken u vir beskuldigde nr. 21, Moses Chikane?

HOF : Sal hy net opstaan, asseblief? -- Ja, ek ken die beskuldigde baie goed vir die afgelope aantal jare al.

MNR. HANEKOM : Het hy gewoon in die gebied Atteridgeville/Saulsville? -- Nee, hy bly in Mamelodi in Pretoria.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Is dit ook 'n woongebied in Pretoria? -- Dit is korrek. Dit is ook 'n woongebied van Pretoria.

Hy sal seker nie betwis nie, hy is verbonde aan UDF. Het u kennis gedra daarvan? -- Dit is korrek, dat hy wel verbonde is aan UDF.

Het u met hom self onderhoude gevoer?

HOF: Wat bedoel u met verbonde aan? -- Sedert die totstandkoming van die UDF het die skole-onrus in die Swartwoonbuurtes van Mamelodi ook intens begin toeneem, waarop ek vir Moses Chikane ingeroep het na ons kantoor toe. Ek het hom gevra weens sy betrokkenheid by die skole-onrus, waarop hy aan my geantwoord het ... (Hof kom tussenbei)

Wat het u hom gevra? -- Oor sy betrokkenheid.

Maar is hy dan 'n skolier? -- Nee, hy was nie 'n lid van 'n skool nie. Hy het my meegedeel dat die UDF hom as organiseerder van die UDF in Pretoria aangestel het en dat hy as organiseerder leerlinge sal moet aanmoedig om klasse te bly boikot totdat daar aan hulle eise voldoen is.

MNR. HANEKOM : Was dit al wat hy u meegedeel het? -- Dit is al wat betrekking het op as organiseerder van UDF.

HOF : Wanneer was die gesprek? -- Ek kan nie 'n spesifieke datum gee nie, maar dit was na die UDF tot stand gekom het in Augustus 1983.

MR BIZOS : As I indicated to Your Lordship we were only told late yesterday afternoon that we are now changing to Pretoria. I can ask certain questions of an exploratory nature in order to enable us to investigate some of the things that this witness has said or I can ask Your Lordship to stand the witness down. I obviously have to take instructions from a number of people. We have general instructions, but not on these specific things that have been said by this witness. I am in Your



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Lordship's hands as to whether Your Lordship wants ... (Court intervenes)

COURT : If you feel that there is any point that you want clarity on, I think you should ask the clarification, otherwise we may have a further adjournment or standing down on Monday.

MR BIZOS : Perhaps, if Your Lordship gives me an opportunity to ask certain questions to clarify some of the issues, then we will ask Your Lordship for an adjournment then.

COURT : Yes.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Mnr. Du Toit, laat ons met die laaste gedeelte van u getuienis begin. Dit is oor beskuldigde nr. 21, mnr. Chikane. Sê vir ons asseblief presies wanneer die onderhoud plaasgevind het? -- Soos ek sê ons hou nie datum van wanneer die mense ingeroep word vir onderhoud in die kantoor nie. Ek kan nie spesifiek wys na 'n datum nie, maar dit was nadat die UDF tot stand gekom het.

Ons weet wanneer die UDF tot stand gekom het, maar hoe lank na die UDF tot stand gekom het? -- Dit kan ongeveer 'n maand na dit wees.

'n Maand? -- Ongeveer 'n maand.

Sê u dit was gedurende September 1983? -- Dit kan wees. Ek kan nie 100% met sekerheid sê nie.

Was dit gedurende 1983? -- Dit was 1983.

Waar het die onderhoud plaasgevind? -- In my kantoor.

Waar? -- In die veiligheidsafdeling se kantoor.

Waar? -- Dit is in die Kompolgebou in Pretoria.

Was u en beskuldigde nr. 21 toe alleen daar? -- Partykeer is ek alleen, baiekeer nie. Die kantore grens aanmekaar. Die mense loop in en uit. Dit word nie in afsondering gedoen nie.

/Hoeveel

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Hoeveel keer is beskuldigde nr. 21 na u kantoor toe? -- Hy was al 'n paar keer by ons in die kantoor.

Hoeveel keer min of meer? -- Nee, ek kan nie spesifiek sê nie.

Wanneer het u 'n skriftelike verklaring gemaak in verband met wat tussen u en beskuldigde nr. 21 gesê is? -- Nee, daar was geen skriftelike verklaring gemaak nie.

Nooit nie? -- Nooit nie.

Wanneer het u vir die heel eerste keer vir die aanklaer gesê van die gesprek? -- Hoe bedoel u nou?

Wanneer het u van hierdie gesprek vir die heel eerste keer melding gemaak aan die aanklaer? -- Dit was vir my genoem dat hy een van die beskuldigdes was in hierdie saak en daarom het ek ook genoem dat ek hom goed ken.

Wanneer was dit? -- Dit was ek dink Maandag.

Van hierdie week? -- Ja.

Wanneer het u vir die heel eerste keer gehoor dat beskuldigde nr. 21 'n beskuldigde in hierdie saak is? -- Dit was omtrent aan die begin van die jaar.

Het u toe nie enige verklaring gemaak of enige verslag gedoen in verband met beskuldigde nr. 21 en die gesprek wat u met hom gevoer het nie? -- Op daardie stadium het ek nog nie geweet ek moet kom getuig in die saak nie.

Hoe lank het die gesprek wat u met beskuldigde nr. 21 gehad het geduur? -- Nee, dit was nie baie lank nie. Ek kan nie spesifieke tye meld nie. Dit is 'n bietjie lank terug.

Was dit in die oggend, in die namiddag, in die nag? Wanneer was dit? Kan u sê? -- Dit het baiekeer gebeur dat ons wel vroeg in die oggend gaan wanneer ons verseker is die mense is by hulle huise. So, dit kan in die oggend gebeur.

Kan u onthou wanneer die gesprek plaasgevind het? Of dit

/im

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

in die oggend was of in die middel van die dag of in die namiddag? -- Dit kon in die oggend plaasgevind het.

Was dit in die oggend? -- Ek kan nie met 100% sekerheid sê nie.

Was beskuldigde nr. 21 in hegtenis toe hy dit gesê het? -- Nee.

Hoe het dit gekom dat hy by die Kompolgebou gekom het? -- Ons het na sy woning gegaan en weens inligting wat ons bekom het weens sy betrokkenheid by die skole-onrus, wou ons sekere dinge met hom uitklaar en daarom het ons na sy huis gegaan.

Wie is ons? -- Ek was die bestuurder en daar kon van die Swartes ook saamgegaan het.

Wie was saam met u? -- Ek kan nie onthou watter van ons Swartlede moontlik saam gewees het nie. As ons die woonbuurt ingaan, neem ons gewoonlik 'n Swartlid saam.

Het u hom van sy huis na u kantoor geneem? -- Dit is korrek.

Het u hom gearresteer? -- Nee, hy het vrywilliglik saamgekom.

Waarom sou 'n ampsdraer van die UDF die kantore van die veiligheidspolisie wou besoek? -- Hy het dit nie uit sy eie uit besoek nie. Ons het hom gevra of hy sal kom en hy het ingestem.

HOF : Gaan dit betwis word? Dat hy vrywillig saamgegaan het?

MR BIZOS : I have an instruction on which I am operating at the moment which I would not like to disclose to Your Lordship.

COURT : I thought you were asking questions on clarification but you are entitled to go on if you are properly instructed, but I would not like to land in the position where you ask a lot of questions on one line and tell me on Monday that

/sorry

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

sorry, you have been instructed on a different angle.

MR BIZOS : I have a note which I think on which I am entitled to rely and on which I think ...(Court intervenes)

COURT : Because otherwise I thought I would give you an adjournment to get instructions from accused no. 21, because it may be that you are not properly prepared on this.

MR BIZOS : Yes, I do not think that I am properly prepared but I do have a note from the accused which was sent over, but I think that Your Lordship is probably correct. Let me just try and round off this.

COURT : Yes.

MNR. BIZOS : U kan nie sê wie saam met u was toe beskuldigde nr. 21 na u kantoor gebring is nie? -- Nee, ek kan nie nou presies onthou nie.

Was daar enige ander persoon teenwoordig toe die beweerde erkenning deur hom gemaak is? -- Nee, nie sover ek kan onthou was daar nog mense in die kantoor nie. Dit mag wees dat een van die offisiere daar was wat ook aan diens was. Ek kan nie sê nie. Ek het nie rekord gehou daarvan nie.

Het u die erkenning van beskuldigde nr. 21 as 'n belangrike erkenning beskou? -- Op daardie stadium nie.

Wanneer het dit van belang geword?-- Toe inligtingsbronne daarna geblyk het dat die skole-onrus wat toe al hoe meer intenser geraak het, dat hy meer betrokke daarby is.

Dit moes seker gedurende 1984 gewees het of 1983? -- Dit kon in daardie tyd gewees het, want die skole-onrus het maar voortgegaan.

In elk geval u het geen verdere stappe geneem nie? -- Dit is korrek.

Ek wil iets anders vra. Hoeveel COSAS vergaderings het u bygewoon? -- Die COSAS vergaderings wat gehou word in

/ verskillende

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

verskillende woonbuurtes en van ons lede gaan gewoonlik, dan monitor ons die vergaderings van buite. Ons gaan nie in nie. Net om te kan bepaal of die vergadering wel plaasvind, omrede daar partykeer na vergaderings gemasjeer word.

Wat is u antwoord op my vraag? Hoeveel vergaderings ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Dit is 'n goeie antwoord, want wat bedoel u met bywoon? Binne die saal of buite die saal in die motor?

MR BIZOS : I would have thought to attend the meeting is not to be outside.

HOF : Dit is waaroor die getuie vir u beduie dat hulle buite was.

MNR. BIZOS : As ek vra hoeveel vergaderings u bygewoon het, bedoel ek bygewoon het binne, dat u kon hoor wat gesê word? -- Nee, ek het geen vergaderings binne bygewoon nie.

Wat van die vergaderings van ASRO, hoeveel van die vergaderings het u bygewoon, soos ek die woord bywoon gebruik? -- Nee, geen vergaderings was bygewoon nie.

Wanneer sou u sê het die skoolboikotte in Pretoria begin? -- Sedert Januariemaand 1982 het skole-onrus op 'n baie lae skaal in Atteridgeville/Saulsville begin. Dit was baie wisselend gewees. Wat ek daarby bedoel is, partykeer was daar skoolbywoning en klasaanbieding en baiekeer was daar weer boikotte, maar dit was op klein skaal.

Was daar skoolboikotte gedurende Augustus, September en Oktober 1983? -- Daar was wel skoolboikotte gedurende daardie tyd.

En in November/Desember 1983 ook? -- Dit was afwisselend. Een maand gaan dit goed en die ander maand gaan dit nie goed nie. Dit was baie wisselvallig.

Sal u sê dat gedurende die laaste vyf maande van 1983 daar

/ skoolboikotte

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

skoolboikotte in Pretoria was? -- Ek het nie nou die volle statistiek by my nie, maar daar was wel skole-boikotte.

En dit was gedurende hierdie tydperk wat u met beskuldigde nr. 21 gepraat het? -- Dit is korrek, ja.

Daar is net een ander aspek wat ek u nou wil vra en dit is in verband met die vergadering waar u buite die saal se venster dr. Nkomo sou gehoor het. Wat het u gehoor? In watter taal het dr. Nkomo gepraat? -- Hy het in Engels begin.

Sal u asseblief vir ons in Engels sê wat dr. Nkomo gesê het? -- Ek kan nie al sy presiese woorde onthou nie, maar die strekking het gegaan dat die ouers "we must support our children in their struggle until the Government meets their demands."

Is daar enigiets anders wat u van dr. Nkomo gehoor het? -- Met betrekking tot wat hy gesê het?

Ja? -- Dat daar druk op raadslede toegepas word ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Nee, in Engels, asseblief, soos hy dit gesê het? -- Nee, dit kan ek nie in presiese woorde sê nie, want dit is al twee, drie jaar terug.

Kan u nie onthou wat se woord hy in Engels gebruik het wat u in Afrikaans as druk vertaal het nie? -- Nee, ek kan nie nou die presiese woorde onthou nie.

Is daar enigiets anders, enige ander sin van dr. Nkomo wat u kan onthou?

MNR. HANEKOM : Met respek, die getuie sê hy kan geen presiese woorde van die spreker onthou nie.

HOF : Dit is gewettigde kruisondervraging. Mnr. Bizos kan dit vra en die getuie kan dieselfde sê as wat u nou sê.

MNR. BIZOS : Wat is u antwoord? -- Nee, ek kan nie nou aan enigiets anders dink nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Vir hoe lank het dr. Nkomo in Engels gepraat? -- Hy het nie vir baie lank gepraat nie.

Hoe lank? -- Nee, ek het nie tyd gehou nie.

Vyf minute, tien minute, drie minute, vyftien minute, twintig minute? Hoe lank het hy in Engels gepraat? -- Ek kan nie die presiese tyd sê nie.

Maar daar is 'n groot verskil tussen 'n paar minute en twintig minute? -- Dit was nie baie lank gewees nie.

Maar tussen hierdie twee perke, vir hoe lank het hy gepraat? -- Hy het net die sinnetjies gesê voor hy oorgeslaan het na 'n Swarttaal.

Maar is dit nie eienaardig dat as 'n persoon in 'n tydperk van tussen drie en twintig minute praat, dat u net twee sinnetjies kan onthou nie? -- Omdat dit in Engels was. Daarom kon ek dit gehoor het en verstaan het.

Maar as u nie kan sê vir hoe lank hy in Engels gepraat het nie, is dit nie eienaardig dat u net twee sinnetjies kan onthou nie? -- Die feit is net dat hy het 'n tyd gepraat. Ek het nie volledig tyd gehou nie en daar was ook, as gevolg van die verhoogde huishuur, daaroor gepraat. Ek het nie veel aandag gegee aan die ander wat hy gesê het nie, maar dit was vir my belangrik dat die skole-onrus daardie tyd wel plaasgevind het en ook die Stadsraadslede wat moes bedank het.

Sê u u het u ore gevra om 'n bietjie selektief te wees? -- Nee, daar is ander elemente wat buite - ek was die enigste Blanke in die omgewing. Ek wou my nie so baie opsigtelik maak nie en daarom, toe ek hoor wat hy sê, het ek weer padgegee.

Was u alleen daar toe u vir dr. Nkomo gehoor het? -- Ja, dit is reg, ek was alleen daar.

In die motor of buite? -- Ek was eers binne-in die motor, toe het ek uitgeklim en geloop na die kerk se venster.

..../ Hoeveel

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Hoeveel ander mense was daar wat toesprake gemaak het? -- Nee, ek weet nie, want ek het gery. Ek kan nie sê hoeveel mense nog toesprake gemaak het nie.

Voor die vergadering klaar was? -- Ja, kyk, hy het eerste gepraat, dr. Nkomo.

U het seker daar gebly om te hoor wat ander mense sou gesê het? -- Nee.

U kan nie sê wie die ander sprekers daar was nie? -- Nee, ek dra nie kennis van wie die ander sprekers was nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 2 JUNIE 1986.

K308 HOF HERVAT OP 2 JUNIE 1986.

MR BIZOS : My Lord, we have a letter from the head of the hospital in prison that Mr Matlole, accused no. 17, has difficulties and seeks leave for him to be taken to the district surgeon today. It will have to be arranged.

COURT : Do that and just inform me when he leaves. Then we will make a note and then we can continue in his absence.

JOHAN DANIËL DU TOIT, v.o.e.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (vervolg) : Mnr. Du Toit net voor u hoofgetuienis voltooi was, het u aan Sy Edele gesê dat u het met beskuldigde nr. 21, mnr. Moses Chikane, gepraat het. U was vir 'n datum gevra en u antwoord was dat die gesprek was gedurende Augustus 1983, alhoewel u nie die spesifieke datum kon onthou nie. Kan u dit onthou? -- Ek het gesê dit is nadat die UDF tot stand gekom het in Augustus, maar ek kan nie die datum onthou nie. Dit was nadat hulle tot stand gekom het.

Maar was dit in Augustus? -- Ek kan dit nie sê nie. Dit kon September ook gewees het.

Maar is u seker dat dit in 1983 was, kort na die UDF tot



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

stand gekom het? -- Dit is korrek.

Dit was kort daarna. 'n Maand of ses weke daarna? -- Dit kan wees.

U kon nie miskien 'n fout begaan het in verband met die jaar nie? Dit kon nie 'n jaar daarna gebeur het nie? -- Nee.

Maar dit was kort na die stigting van die UDF? -- Dit is korrek.

En u kan goed onthou dat kort na die UDF gestig was, was daar 'n boikot van skoliere in Atteridgeville en Saulsville? -- Ek het getuig oor 1984 s'n.

Nee. -- Maar daar was ook klasse-boikot gewees.

Daar was ook klasse-boikot gedurende 1983? -- Ja.

Anders kon die gesprek wat u sê u met die beskuldigde gehad het nie plaasgevind het nie, nie waar nie, as daar nie klasboikotte gedurende 1983 was nie? -- Nee, daar was klasse-boikot. Ek kan onthou dat ek met die beskuldigde gepraat het.

Ek wil dit verder aan u stel dat daar moes klasboikotte gewees het kort na die stigting van die UDF in 1983, anders sou daar nie so 'n gesprek gewees het tussen u en beskuldigde nr. 21 nie? -- Nee, die klasse-boikot het die hele jaar voorgekom.

1983? -- 1983, ja.

Ek wil aan u stel dat die stukkie getuienis van u heeltemal vals is? -- Nee.

En ek sal dit aan u stel hoekom dit vals is. Eerstens, beskuldigde nr. 21 is eers in Oktober 1983 aangestel. Weet u dit of nie? -- As wat?

Weet u wanneer hy aangestel was?

<u>HOF</u> : Nee, nee, maar aangestel as wat?

<u>MNR. BIZOS</u> : Deur die UDF.

<u>HOF</u> : As organiseerder van UDF?



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

MNR. BIZOS : Hy sê organiseerder. Dit is waarom ek dit nie aan hom stel nie.

HOF : By die UDF?

MNR. BIZOS : By die UDF. -- Ek sal daarop antwoord. Nadat die UDF tot stand gekom het en ek daardie gesprekvoering met hom gehad het, het hy aan ons gesê hy is die organiseerder van die UDF, maar November 1983 het ons weens inligting ontvang dat hy wel amptelik deur die UDF as streeksekretaris aangestel was.

Ek wil dit aan u stel dat hy as streeksekretaris deur die UDF aangestel is in Oktober 1983? -- Dit kan wees. Daardie datum kan ek nie bevestig nie.

Weet u hoe die klasboikot in Pretoria begin het, uit u eie kennis? -- Die klasboikot het al begin hier van 1982.

Weet u hoe die klasboikotte begin het in Pretoria of Atteridgeville gedurende 1983? Wanneer het dit begin in 1983, as u sê dat daar boikotte in 1983 was? -- Dit was georganiseer deur COSAS en die pamflet wat ek aan die Hof voorgelê het, dit was die eise wat hulle gestel het en as gevolg daarvan was daar klasboikotte. Dit is eise wat hulle ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

By watter skole was daar klasboikotte gedurende 1983? -- Feitlik by alle skole, maar dit het nie elke dag voorgekom nie. Dit was afwisselend.

Omdat ek aan u wil stel dat die klasboikotte in Atteridgeville en Saulsville in 1984 aan die begin van die jaar plaasgevind het. Wat sê u daarvan? Uit u eie kennis, kan u dit ontken of erken? -- 1984 en?

Die begin van 1984? -- In 1984 was daar klasboikotte gewees.

Ek wil dit aan u stel dat daar was geen boikotte gewees gedurende 1983 nie, maar hulle het wel aan die begin

/van

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

van 1984 plaasgevind?

HOF : Is dit nou beperk tot Atteridgeville en Saulsville of sluit dit Mamelodi ook?

MNR. BIZOS : Nee, ons praat nie van Mamelodi nie.

HOF : Ons praat nou net van Atteridgeville en Saulsville.

MNR. BIZOS : Van hierdie twee, ja. Is u in staat uit u eie kennis om dit te erken of te ontken? -- Ek sê daar was gewees.

Is daar enige buitengewone gebeurtenis waarvan u kennis dra wat die boikot van klasse in 1984 na vore sou gebring het?

HOF : Dit is nou nie korrek om dit so te stel nie. Daar kan nie 'n gebeurtenis wees in 1984 wat die boikotte vervroeg na 1983 nie.

MNR. BIZOS : Nee, jammer, miskien het ek die jare verwar. Weet u van enige uitsonderlike gebeurtenis teen die einde van 1983 wat die boikot van die klasse aan die begin van 1984 na vore gebring het?

HOF : Met ander woorde, wat aanleiding gegee het tot die boikot in 1984, 'n besondere gebeurtenis in 1983? -- Soos ek genoem het, die skole was gesluit tot aan die begin van Oktober en toe die skole op 11 Oktober heropen ... (Mnr. Krügel kom tussenbei)

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Van watter jaar praat ons nou? -- 1984.

HOF : Hulle was gesluit tot Oktober 1984? -- 1984.

Ja? -- Toe die skole op 11 Oktober 1984 heropen het COSAS die pamflette versprei wat ek aan die Hof voorgelê het en toe het die leerlinge weer dadelik voortgegaan met die klasboikotte want hulle wou nie die eindeksamen aflê nie.

MNR. BIZOS : Luister na die vraag, asseblief. Weet u van enige belangrike of uitsonderlike gebeurtenis gedurende die einde van 1983 wat as 'n rede gegee is dat die boikot in

/die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

die begin van die skooljaar in 1984 voortgesit is? -- Dit was net georganiseer deur die COSAS-lede.

Hoe weet u dat dit net deur COSAS-lede georganiseer was? Weet u van enige buitengewone gebeurtenis? -- Geen ander buitengewone gebeurtenis nie, nie wat ek kan onthou nie.

Ek wil dit aan u stel dat as u nie van daardie buitengewone gebeurtenis aan die einde van 1983 weet nie, is u nie baie goed ingelig in verband met die toestande daar nie? -- Ek was gevra om te getuig oor Augustus 1984 tot Februarie/ Maart 1985. Die inligting wat ek bekom het was net oor daardie tydperk. Ek sal statistieke moet gaan naslaan. Ek kan nie onthou wat drie jaar terug presies op elke dag plaasgevind het nie.

U het gesê dat die boikot aan die begin van 1984 as gevolg van die georganiseerde optrede van COSAS plaasgevind het. -- Dit is korrek.

Hoe kan u dit sê as u nie weet wat gebeur het voor Augustus 1984 nie? -- Omdat die skole het voortgegaan gedurende die afgelope drie jaar. Dit is 'n algemene feit.

Het u my vraag gehoor? -- Ja.

Het u dit verstaan? -- Ja.

Het u enige ander antwoord? -- Ek het geen ander antwoord nie.

Ek sal u aan die buitengewone gebeurtenis herinner en as u enige inligting in verband met Atteridgeville en Saulsville gehad het, sou u dit seer sekerlik onthou het en nie COSAS blameer het nie. Kan u onthou dat 'n aantal skoliere in November/ Desember 1983 gedruip het en party het geslaag. Kan u dit onthou?

<u>HOF</u> : Is dit 'n buitengewone gebeurtenis?

<u>MNR. BIZOS</u> : Nee, maar wat daarna gebeur het, is buitengewoon.

/Kan

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Kan u dit onthou? -- Die korrekte getalle kan wel deur die Departement Onderwys en Opleiding gegee word ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Ons wil nie van die getalle weet nie. -- Ja, daar was gevalle. Ek meen, as jy boikot feitlik die hele jaar kan jy nie verwag om deur te kom nie.

Ek wil dit aan u sê dat u heeltemal die gebeurtenis verwar in 1984 met 1983. Luister net 'n bietjie, asseblief. -- Goed.

Kan u onthou dat dit beweer was deur die skoliere en hulle ouers en gemeenskapsleiers dat dit geblyk het dat die eksamenskrifte van die leerlinge nie gemerk was nie, maar dat merke sommer aan hulle gegee was? Kan u dit onthou? -- Nee, daarvan dra ek nie kennis nie. Wat die eksamens betref, het die polisie nie belang daarby nie.

En toe 'n deel van die skoliere besig was om by 'n sekere skool te speel, het hulle 'n massa eksamenskrifte gevind wat wel nie gemerk was nie? -- Daarvan dra ek nie kennis nie.

En as gevolg van hierdie buitengewone gebeurtenis was daar 'n hele kampanje teen die mense wat verantwoordelik was vir die ontevrede omstandighede. Kan u dit nie onthou nie? -- Die eise wat ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Kan u onthou of daar so 'n kampanje aan die einde van 1983 en die begin van 1984 was of nie? -- Nee.

En dat die eksamenskrifte as bewys voor die gemeenskap gebring is om te bewys dat die Departement en ongelukkig ook skoolprinsipale en ongelukkig ook sekere van die onderwysers nie belangstel in die onderwys van die jongmense van Atteridgeville en Saulsville nie. Dra u kennis daarvan? -- Nee.

Weet u of daar goeie voorbeelde gegee is dat jong seuns en dogters wat wel goeie skoliere was en die eksamens geskryf het, gedruip het alhoewel hulle skrifte nie gemerk was

... / nie

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

nie. Dra u kennis daarvan? -- Nee.

Dra u kennis van die feit dat as gevolg van die gebeurtenis, die skoliere en ouers van die skoliere baie ontsteld was en die eis gemaak is dat hulle nie kan aanvaar dat hulle seuns en dogters gedruip het toe daar bewys was dat hulle skrifte nie gemerk was nie? -- Nee, daarvan dra ek nie kennis nie.

Dra u kennis dat as gevolg daarvan 'n boikot aan die begin van 1984 van die skole in Atteridgeville en Saulsville begin het of nie? -- Ek glo nie dit is die enigste afleiding nie, want hulle wou SRC's gehad het.

Dra u persoonlik kennis van daardie feite of nie. Ek wil nie u mening as 'n speurder en 'n veiligheidspolisieman hê nie? -- Dit mag so wees.

Ek wil net vir u vra of u persoonlike kennis het van die feit. Dra u kennis van die feit dat mense in die gemeenskap voor die begin van die skooljaar 1984 probeer het om met die hoofde van die skole te praat voor die skooljaar 1984 sou begin het of nie? Dra u persoonlik kennis of dit so was of nie? -- Daar was gevalle gewees waar die skoolhoofde ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Dra u persoonlik kennis van enige ... (Hof kom tussenbei)

<u>HOF</u> : Mnr. Bizos, u moet die getuie geleentheid gee om sy antwoorde te gee en dit is 'n bietjie moeilik as u hom vra of hy persoonlike kennis dra. Bedoel u nou uit die aard van sy werk of was hy daar by wat mense met 'n prinsipaal gaan praat het?

<u>MR BIZOS</u> : This is what I mean.

<u>HOF</u> : Want as u die laaste bedoel, is u eintlik besig om u tyd te mors, want dit is tog seker so dat jy nie 'n veiligheidsman saamneem as jy met die prinsipaal gaan praat nie.

<u>MR BIZOS</u> : Yes, and I would have expected a policeman not to

/ have

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

have been called into the witness-box to give evidence without knowing the facts and expressing an opinion as a result of some reports which he has not mentioned and which he has not put before us. My Lord, we are going to insist that if the State wants to prove anything before Your Lordship in relation to these areas, that we are going to insist that it should be done properly and not by a warrant officer from the security police who comes here and pontificates about the reasons that he thinks were responsible.

Dra u persoonlike kennis van enige pogings deur die gemeenskap om die prinsipale of die hoofde van die skole te sien sodat hulle seuns en dogters skool toe kon gaan aan die begin van die skooljaar 1984 of nie? -- Ek het slegs gehoor daarvan.

U het geen persoonlike kennis nie? -- Nee.

En u weet nie of dit so is of nie? -- Nee.

Weet u of enige komitee van ouers of priesters of ander gemeenskapsleiers gestig is om die probleem te probeer oplos? -- Nee, ek dra nie kennis daarvan nie.

Weet u of enige lid van ASRO of SAYO verteenwoordig was by enige van die komitees wat probeer het om die probleem op te los? -- Ek dra nie kennis nie.

Dra u enige kennis of dr. Nkomo enigsins deelgeneem het in verband met die pogings om die probleem op te los of nie? -- Dit mag moontlik wees. Ek dra nie kennis nie.

Weet u of daar enige spesiale rede gewees het gedurende die begin van die skooljaar 1984 dat dr. Nkomo moes onttrek van enige van die pogings wat gemaak was om die probleem op te los? -- Nee, ek dra nie kennis daarvan nie.

Weet u dat dr. Nkomo se gesin betrokke is in die onderwys van die Swartmense van Atteridgeville en Saulsville? --

/Ek

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Ek dra nie kennis dat hy betrokke is by die onderwys nie.

Is daar nie 'n hoërskool wat Dr. W.F. Nkomo genoem is nie? -- Ja, dit is korrek, daar is 'n skool na hom vernoem. Hy is 'n mediese praktisyn.

Dit wys ook hoe min u weet. Is dit nie sy pa se naam wat die skool dra nie? -- Die kennis wat ons bereik het, is dat dit na hom vernoem is.

Weet u of dr. Nkomo se pa ook 'n dokter was? -- Nee, ek ken sy vader glad nie.

En dat hy moontlik die heel eerste Swartdokter in die Pretoria distrik was? -- Dit mag moontlik wees. Ek dra nie kennis nie.

En dat die dr. Nkomo wat u ken baie belang in die onderwys van kinders stel weens die voorbeeld wat sy pa aan hom gegee het? -- Hieroor kan ek nie getuig nie.

Weet u van enige gerugte wat deur die raadslede gemaak is dat dr. Nkomo geen belangstel in die onderwys van die Swartkinders van die gebied nie en dat sy eie kind by 'n privaat skool is? -- Nee, ek dra nie kennis van die opmerking wat gemaak is nie.

Weet u of dr. Nkomo vir daardie rede, omdat daardie bewering teen hom gemaak is van die begin af onttrek het heeltemal van die skoolsituasie? -- Dat dr. Nkomo onttrek het?

Ja, dr. Nkomo onttrek het, alhoewel sy komitee betrokke was, om te probeer om die vrede te herstel en dat die kinders terug moet gaan skool toe, omdat die raadslede die bewering teen hom gemaak het? -- Nee, ek dra nie kennis daarvan nie.

As dit wel so is dat dr. Nkomo van die begin van 1984 af onttrek het van die onderwyssituasie vir die rede wat ek vir u gegee het, sal u saamstem dat hy nie by 'n algemene vergadering die skoolkinders sou aanraai om nie skool toe te gaan nie?

/ Waaroom

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

-- Waaroor ek getuig het, volstaan ek by. Dit het ek gehoor. Ek kan nie sê wat sy verdere siening was daaromtrent nie.

Ek wil aan u stel dat u baie laat in die dag van hierdie saak hierheen gebring is om valse getuienis te gee in verband met die gebeurtenis wat daar plaasgevind het? -- Ek ontken dit.

MNR. HANEKOM : Ek maak ten sterkste beswaar teen daardie stelling. As die aantyging is dat die Staat getuies opsetlik bring om valse getuienis te gee, dan moet ek streng beswaar maak daarteen.

MR BIZOS : I am not suggesting that the State did this.

COURT : But who else brought him here?

MR BIZOS : I will change the ... (Court intervenes)

COURT : I think you should better withdraw that against the State.

MR BIZOS : I did not intend it against ... Ek wil dit aan u stel dat die getuienis wat u gee het in verband met die aanraaiing deur dr. Nkomo aan skoolkinders om nie skool toe te gaan nie, vals is, vir baie redes, asook die rede wat ek aan u gestel het? -- Nee, ek ontken dit.

Hoeveel keer is beskuldigde nr. 21 na u kantoor te Kompol gebring? -- Ek kan nie die getal onthou nie.

HOF : Was dit meer as een keer? -- Ja, dit was meer as een keer.

MNR. BIZOS : As ek aan u die datums gee, sal u in staat wees om dit te erken of te ontken? -- Ek kan nie sê datums nie, maar noem dit, dan kan ek kyk.

Dat beskuldigde nr. 21 aangehou was die eerste keer op 26 Augustus 1984? -- 1984? Ja, dit kan wees.

En dit was die eerste keer? -- Ja, 1984.

HOF : U praat nou van aangehou. Bedoel dit in arrestasie?

MNR. BIZOS : In aanhouding.

/ HOF

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

HOF : Dit bedoel hy is gearresteer? -- Hy is gearresteer, ja. Hy was in 1984 gearresteer.

MNR. BIZOS : Detained, aangehou. Die tweede keer was op 23 April 1985? -- 1985.

Ek wil aan u stel dat dit is die enigste twee geleenthede waarop beskuldigde nr. 21 by u kantoor was in die Kompolgebou? -- Nee, ek dink daardie arrestasies was deur Johannesburg uitgevoer en nie deur ons plaaslike tak nie. Dit kan wees. Met daardie ondersoek het ek nie gewerk nie. Ek kan nie daaroor getuig nie.

Ek praat nie van die ondersoek nie. Ek praat van die feit dat hy aangehou was deur u en 'n sekere luitenant en hy is na die Kompolgebou gebring en vandaar is hy na John Vorster Plein te Johannesburg oorgeplaas? -- Dit mag moontlik wees. Ek dra nie kennis wie hom gaan haal het nie.

Ek wil aan u stel dat daar geen ander besoek van beskuldigde nr. 21 aan die Kompolgebou was nie? -- Nee, voorheen was hy by ons gebou.

Ek wil dit aan u stel u het 'n paar keer sy huis gevisenteer, maar hy was nie saamgeneem Kompol toe nie? --Daar was kere wat ons sy huis deursoek het, dit is waar.

En hy is nie Kompol toe geneem nie? -- Nie as gevolg van die deursoeking nie, ja.

Maar waarom sou hy na u kantoor op enige ander tydstip gekom het? -- Weens inligting wat ons bekom het en weens die skole-onrus was hy ingetrek, ingeroep na ons kantoor toe en hier verwys ek nou na die datum wat die UDF tot stand gekom het.

Ingetrek en ingeroep is twee verskillende dinge. Was hy ingetrek of ingeroep? -- Hy was ingeroep.

Deur wie? -- Kaptein Loots, my seksiehoof wat saam met my

/work

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

werk.

Wanneer was dit? -- Dit was die geval na die UDF tot stand gekom het wat ek nie die datum kan onthou nie.

Ek wil dit aan u stel dat dit onwaar is. Hy is nie ingetrek of ingeroep nie? -- Hy was ingeroep en ekself het hom die dag gaan haal by sy huis en hy is na ons kantore toe en kaptein Loots het ook met hom gepraat.

Ek wil aan u stel dat u die enigste persoon daar in die veiligheidstak te Pretoria is wat met beskuldigde nr. 21 en met dr. Nkomo op 'n onbeskofte manier gewerk het? -- Nee, ek ontken dit.

En dat u in hulle teenwoordigheid van Kaffers praat? -- Ek ontken dit.

En dat u - as gevolg van u optrede, sou persone soos dr. Nkomo en beskuldigde nr. 21 nie sommer met u gesels nie? -- Nee. Wanneer die plekke, hulle huise deursoek word, word die nodige respek aan daardie huise en aan die persoon, hulle privaatheid betoon en word dit in ag geneem.

Ek wil net vir u sê dat dr. Nkomo, as dit nodig is, sal sê dat toe brigadier Lemmer daar was ... -- Lerm.

Lerm daar was, hy die dokter met alle respek behandel het en sy hand gedruk het toe hulle weggegaan het en u die enigste persoon was wat geweier het om sy hand te druk? -- Dit is 'n leuen. In brigadier Lerm se teenwoordigheid, kaptein Vermeulen en luitenant Henning wat saam met my die aand was om dr. Nkomo se huis te deursoek, het ons almal hom met die hand gegroet en toe ons terug is, na ons sy plek deursoek het, het ons weer dr. Nkomo en sy vrou met die hand gegroet.

Ek wil aan u vra of u enige persoonlike kennis het van die omstandighede van die dood van Emma Satekge? -- Nee, ek was op daardie stadium met 'n kursus. Ek dra nie kennis daarvan



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

nie.

Weet u hoe oud sy was? -- Nee. Ek dink sy was 14. Ek dra nie kennis nie. Sy was jonk gewees.

Uit u eie kennis, weet u of sy 'n lid van COSAS was of nie? --Gedurende en aan die begin van 1984, voor haar dood, was sy by 'n COSAS vergadering gesien, maar ek kan nie sê of sy werklikwaar lid was, ingeskrewe ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Was sy deur u gesien? -- Nee, deur iemand wat haar ken, maar dit is hoorsê.

Was daar 'n geregtelike ondersoek gehou? -- Sover as wat ek weet, ja. Bedoel u na die dood van Emma Satekge?

Ja? -- Ja.

Dra u kennis wat die bevinding van die landdros was in verband met die omstandighede van haar dood? -- Ek dink dat die kaptein wat aangekla was, is onskuldig bevind.

Dit het geëindig in 'n strafsaak, maar wat was die landdros wat die geregtelike ondersoek gedoen het se bevinding? Weet u? -- Nee.

Dra u nie kennis van die feit dat die landdros se bevinding was dat die bestuurder van die voertuig wat haar dood veroorsaak het ten minste nalatig was en dat hy verantwoordelik vir haar dood was? -- Nee, daarvan dra ek nie kennis nie. Dit is 'n uniformlid.

Was dit 'n kaptein of luitenant Hugo McLachlan? -- McLachlan. Hy was 'n luitenant. Hy is nou 'n kaptein.

Dra u kennis daarvan dat dit wel op die skoolterrein was? -- Ja, ek het gehoor dit was op die skoolterrein wat sy raakgery was.

Weet u uit eie kennis hoe lank na die bevinding van die landdros luitenant Hugo McLachlan aangekla was? -- Ek dra

... / nie

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

nie kennis nie. Dit was 'n uniformaangeleentheid. Dit het niks met ons te doen nie.

Weet u of die jongmense, die vriende van Emma Satekge, enige bewerings gemaak het teen die prinsipaal en vise-prinsipaal van die skool in verband met haar dood? -- Nee, ek dra geen kennis van so iets nie.

Weet u of daar pogings aangewend is deur een of ander van die gemeenskapslede of leiers om die jongmense te oortuig dat dit 'n ongeluk was en dat die prinsipaal en vise-prinsipaal nie verantwoordelik gehou kon word vir haar dood nie? -- Nee, ek dra nie kennis daarvan nie.

Weet u wie die seremoniemeester by haar begrafnis was? -- Nee. Soos ek gesê het, ek was met 'n kursus. Ek was ook nie tydens haar begrafnis in Pretoria gewees nie.

Weet u of die seremoniemeester die prinsipaal en vise-prinsipaal genader het en die jongmense oortuig het dat die twee na die begrafnis moet kom? -- Nee, ek dra nie kennis daarvan nie.

Is u in staat om te erken of te ontken dat beskuldigde nr. 21 die seremoniemeester by die begrafnis was? -- Nee, ek dra nie kennis daarvan nie.

Dra u kennis van enige toespraak wat beskuldigde nr. 21, mnr. Chikane, sou gemaak het by die begrafnis? -- Nee.

As ek dit aan u stel dat dit in die teenwoordigheid van duisende mense is wat mnr. Chikane, beskuldigde nr. 21 gesê het dat die leerlinge terug moet gaan skool toe, sal u in staat wees om dit te erken of te ontken? -- Nee, ek kan nie sê nie, ek was nie daar nie.

As hy dit wel gesê het in die teenwoordigheid van duisende mense kan u miskien enige rede gee waarom hy by die Kompol-gebou die teenoorgestelde gesê het? -- Soos ek gesê het, ons

... / het

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

het hom ingebring kantoor toe om met hom te gesels oor bedrywighede, maar oor hierdie begrafnis kan ek nie getuig nie.

HOF : Maar u kan nie dit aan 'n getuie stel dat iets wat hy nie van weet nie, die posisie is, dan moet hy 'n rede gee waarom dit en dit die posisie is nie.

MNR. BIZOS : As hy miskien 'n rede kan gee. Ek wil aan hom die geleentheid gee om 'n rede te gee waarom beskuldigde nr. 21 voor duisende mense een ding sê en by die Kompolgebou 'n ander. Weet u dat die skoliere wel op 20 Februarie teruggekom het?

HOF : Van watter jaar?

MNR. BIZOS : 1984. -- Hoe bedoel u nou? Die skole heropen het?

Dra u kennis van die feit dat die kinders terug skool toe gegaan het op 20 Februarie 1984 of nie? -- Ja, dit kan wees.

Weet u van enige ander komitees wat aangestel was gedurende 1984 toe daar van tyd tot tyd verdere boikotte van klasse was om die kinders terug te kry binne-in die klaskamers? -- Nee, ek dra nie kennis nie.

Het u ooit van die - ek sal die Engels gebruik omdat dit 'n naam van 'n komitee was - Peace Committee gehoor? -- Nee, ek het nie.

Is u in staat om te erken of te ontken dat die doel van die komitee was om die kinders terug na die klaskamer te bring? -- Dit mag moontlik wees. Ek dra nie kennis daarvan nie.

En u dra geen kennis wie die sameroeper van daardie komitee was nie? -- Nee, ek weet nie.

Weet u of die Peace Committee verantwoordelik was vir of om vir die onderwysers te gaan vra het om na die begrafnis van die jongmeisie te kom? -- Nee, ek dra nie kennis daarvan nie.

Weet u van enige afgevaardigdes wat deur die gemeenskaps-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

groepe aangestel was om met die Departement te onderhandel? -- Met watter Departement bedoel u nou?

Departement van Onderwys? -- Nee, ek dra nie kennis nie. Dit is 'n aangeleentheid wat hulle raak.

U weet nie wie die mense was nie? -- Nee.

En hoe een of ander van hulle miskien met ASRO betrokke was nie? -- Nee, ek dra nie kennis van hulle kontak met mekaar nie.

Weet u of daar enige moeilikheid was tussen die onderwysers en die skoliere by die D.H. Peta skool toe daar vir die eerste keer 'n klipgooiery plaasgevind het of nie? -- Nee, ek dra nie kennis van die bewering nie.

Stem u saam dat daardie antwoord van u beteken dat u nie kan sê hoe die klipgooiery vir die eerste keer begin het en vir watter rede nie? -- Net 'n groep van die leerlinge het na die onderwysers gegaan en gesê hulle gee nie meer klasse vandag nie en dit is waar die probleem ontstaan het. Toe het van die leerlinge uitgegaan en begin klippe gooi na die skoolgebou self.

Maar u weet nie wat die geskil tussen die onderwysers en die leerlinge was nie? -- Nee, ek weet nie.

En dat dit by hierdie een skool begin het? -- Dit is korrek, ja.

Weet u van enige beroep wat COSAS gemaak het dat die skoliere terug moet gaan skool toe of nie? -- COSAS?

Ja? -- Nee.

U weet nie. Weet u van die Education Concern Committee? -- Nee.

Weet u of ASRO en/of SAYO verteenwoordig was op die komitee? -- Nee, ek dra nie kennis nie.

Weet u dat die doelstelling van die komitee was om die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

skoliere in die klaskamer te bring? -- Nee, ek dra nie kennis nie.

Dra u kennis of die komitee vergaderings van onderwysers, ouers en die leiers van die studente saamgeroep het of nie? -- Nee, ek dra nie kennis daarvan nie.

Weet u of die komitee probeer het om saam met die Departement te onderhandel? -- Nee, ek dra nie kennis nie.

Weet u of daar 'n petisie voorberei is wat deur duisende skoliere geteken is waarin geskryf was "Students of Atteridgeville want to prove to everyone that they really want education." Dra u kennis van daardie petisie of nie? -- Nee, ek dra nie kennis van die petisie nie.

Dra u kennis van die stigting van sogenaamde "leadership clubs"? -- Nee.

En dat u die raadslidstelsel ondersteun het?

HOF: Die Raadstelsel of die Studenteraadstelsel?

MNR. BIZOS : Nee, die "town council"? -- Nee, ek dra nie kennis van dit nie.

Van u van enige bewering dat die sogenaamde "leadership clubs" die pogings van die ander klubs wat gepoog het om die skoliere terug te kry gesaboteer het? -- Nee, ek dra nie kennis daarvan nie.

Weet u van wanneer tot wanneer die skole toegesluit was deur die Departement? -- Is dit nou 1984?

Ja? -- Dit was van Julie tot Oktobermaand, soos ek genoem het.

Weet u van enige beroepe wat gedoen is deur komitees van ouers waarin die gemeenskap se organisasies betrokke was om skole te heropen? -- Dit mag so wees. Dit is 'n aangeleentheid van Onderwys en Opleiding. Dit het niks met die polisie te doen nie.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

U weet nie daarvan nie? -- Ek dra nie kennis as hulle onderhandel met mekaar nie.

Weet u enigiets van die verwydering van die matriekklasse van al die skole na 'n sogenaamde "finishing school"?

HOF: Amptelik of nie-amptelik?

MNR. BIZOS : Amptelik? -- Die matrikulante was na 'n ander skool toe waar hulle ook hulle eindeksamen afgelê het. Daarvan is ek bewus.

Weet u uit u eie kennis wat die rede was vir die verskuiwing van die matriekklasse of nie? -- Nee.

Weet u of die eksperiment om die matriekklasse te verskuif suksesvol was of nie?

HOF : Die "finishing school", was dit 'n sukses? -- 'n Groot aantal matriekleerlinge wat verskuif was, het toe aan die eksamens deelgeneem.

MNR. BIZOS : Weet u of enigeen van hulle geslaag het? -- Nee, daarvan dra ek nie kennis nie.

Sal u saamstem dat u baie min persoonlike kennis het van die toedrag van sake in die omgewing? -- Net op die onderwysgebied? Of in die algemeen?

Wil u miskien probeer tel hoeveel keer u gesê het "Ek weet nie"? -- Ja, dit was vrae wat handel oor interkommunikasie tussen die Onderwys Departement en die Gemeenskapsraad en die skoolhoofde. Die polisie is nie daarby betrokke nie en ons het nie sê daarin nie. Ons kan nie 'n ander Departement se terrein betree nie.

Maar u weet ook nie watter rol ASO, SAYO en beskuldigde nr. 21 in al die gebeurtenisse gespeel het nie? -- Nee. Beskuldigde nr. 21 het u verwys na 'n geval waar ek glad nie eers in Pretoria was nie. So, ek kon nie daaroor getuig het nie.

Stem u saam dat u min persoonlike kennis dra van die

/toedrag

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

toedrag van sake in die gemeenskap? -- Wat die skole-onrus betref, dra ek kennis van, maar wat die interkomitees en goed besluit, dra ek nie kennis van nie. Dit is so, ja.

En u dra ook nie persoonlike kennis in verband met die oorsaak van 'n spesifieke klipgooiery nie? -- Ons is nie op die skoolterrein as die klipgooiery begin nie. Nadat die situasie al opgevlam het tot 'n hewiger bakleiery en klipgooiery, dan is ons maar eers op die toneel.

U dra geen persoonlike kennis wat u aan Sy Edele kan oordra in verband met die omstandighede waaronder klipgooiery sou plaasgevind het by een of ander skool op een of ander dag nie? -- Nee, nie wat ek nou dadelik aan kan dink nie.

In verband met die vergaderings waaroor u gepraat het, u het die pamflette AAW(5) tot AAW(11)ingehandig, sal u assebliefvir ons sê wanneer die pamflette gesien het voor u in die getuiebank gekom het die laaste keer? Verstaan u die vraag? Wanneer voor u in die getuiebank gegaan het, het u die pamflette gesien? -- Dit is pamflette wat ek by my gehad het in my kantoor.

In u kantoor? -- Ja.

Was hierdie die enigste pamflette wat u gehad het in verband met vergaderings in Atteridgeville en Saulsville? -- Daar mag nog ander pamflette wees.

Was daar ander of nie? -- Nie wat ek nou van kan onthou nie. Baie van die pamflette word die oorspronklike deurgestuur na ons hoofkantoor. Daarvan het ek niks in my besit nie.

Sonder die pamflette voor u, sal u in staat wees om die datums van die vergaderings te gee of nie? -- Ja.

Is dit omdat u die datum van die vergaderings op die pamflet kort voor u in die getuiebank gekom het gesien het of

.../uit

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

uit u eie geheue, sonder die hulp van die pamflette? -- Nee, dit is wat ek kan onthou het, veral die eerste pamflet.

Gedurende die tydperk Oktober 1983 tot die einde van 1984 hoeveel vergaderings het ASRO gehou volgens u persoonlike kennis? -- Nee, dit kan ek nie nou uit die vuis uit sê nie.

Waar het hulle vergaderings gehou? Kan u sê? -- Dit was nie altyd op dieselfde plek nie. Hulle het in kerke vergaderings gehou.

Sal u byvoorbeeld in Mei 1984 kan sê hoeveel vergaderings deur ASRO gehou was? -- Nee, ek kan nie sê nie.

Gewoonlik hoeveel mense het ASRO vergaderings bygewoon? -- Dit wissel, van tweehonderd, driehonderd.

Duisend, tweeduisend? -- Nee, nie so baie nie.

Is u seker daarvan? -- Nie wat ek kennis van dra nie.

Hoeveel mense sou binne-in Lefollo Reform Church kan sit of staan? -- Ek skat so vier-, vyfhonderd.

Nie 'n duisend of meer nie? -- Nee, ek sal nie dit sê nie. As hulle staan en hulle is gepak soos sardyntjies, dan kan daar miskien meer in kom.

Is daar gewoonlik baie mense wat buitekant staan? -- Daar is mense wat buitekant staan, ja.

Omdat daar nie genoegsame ruimte was vir al die mense om in te gaan nie? -- Dit kan wees, ja.

Ek wil dit aan u stel dat 'n Blankeveiligheidsoffisier wat welbekend met Atteridgeville is soos u is, sou soos 'n seer duim uitgesteek het as hy by die venster van 'n kerk gestaan het om te luister wat die sprekers sê? -- Ek het dit wel gedoen.

Sou u daar soos 'n seer duim uitgesteek het? Stem u saam? -- Ek het aandag getrek. Ek besef dit.

Wie se aandag het u getrek op die betrokke dag? -- Van die Swartes wat daar rondom was.

/Wat

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Wat het hulle gedoen? -- Nee, hulle het niks gedoen nie.

Hoe weet u dat u aandag getrek het? -- Hulle het my dan gesien. Hulle staan buitekant om die kerk.

Was daar mense wat buitekant was? -- Ja, daar was 'n paar buitekant.

Net 'n paar? -- Ja.

Was daar 'n luidspreker? -- Binne-in die kerk was daar 'n klein luidsprekertjie, ja.

Daar was 'n luidspreker? -- Binne-in die kerk, ja, maar dit was maar baie swak gewees.

Hoe lank voor die begin van die vergadering het u daar gaan staan? -- Ek was besig met patrolliewerk in die gebied en ek het verby dit gery. Daar is nie 'n spesifieke tyd wat ek kan sê hoe lank voor die tyd nie.

Kan u vir ons sê of u voor die vergadering begin het daar gekom het of nie? -- Net toe dr. Nkomo begin praat het, het ek daar gekom.

Was hy die voorsitter of was hy 'n spreker? -- Hy was 'n spreker gewees.

Wie was die voorsitter? -- Ek dra nie kennis nie. Ek dink dit kan selfs hy ook wees.

Het u wat u gehoor het van baie belang beskou of nie? -- Omrede op daardie stadium wat daar wel aggitasie was teen die Stadsraadslede om te bedank en die skolekwessie ook baie sensitief was, dat leerlinge aangemoedig moet word om skole te boikot, klasse te boikot, toe hy in Engels gepraat het, was dit van die uitstaande kenmerke wat ek gehoor het.

Was dit belangrik? Dit was baie belangrike inligting wat u gekry het? -- Nee, ek sal nie sê dit was baie belangrike inligting nie.

U weet dat dr. Nkomo is mos 'n leier van die gemeenskap,


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

nie waar nie? -- Ja, hy is gesien as 'n leier.

Waarom het u nie 'n nota of 'n verklaring of enigiets anders gemaak wat geliasseer kan word vir u mede-offisiere dat die leier van die gemeenskap, dr. Nkomo, so iets gesê het nie? -- Ek het dit wel oorgedra aan my seksiehoof.

In 'n skriftelike rapport? -- Nee, ek het dit mondelings aan hom oorgedra die Maandag.

Omdat ek dit aan u wil stel dat dr. Nkomo het wel baie vergaderings toegespreek en hy sou miskien by 'n vergadering gesê het in Engels "We call up on councillors to resign." Is dit wat u gehoor het? -- Dit kan moontlik wees, die strekking daarvan.

Maar dat hy nooit sou gesê het dat skoliere klasse moet boikot nie? -- Nee, daarmee kan ek nie saamstem nie.

I just want to place on record for the sake of clarity that Dr Nkomo cannot identify from the meagre information given by the witness to which meeting he refers to. He says he did speak at meeting, but he does not know which one the witness is referring to.

Ek wil ook aan u stel dat by die vergaderings daar nie luidsprekers was nie? -- Nee. Baiekeer by die vergaderings word daar tog luidsprekers geplaas.

By hierdie vergadering wat u sê u was? -- Daar was 'n luidspreker. Hoe goed dit gefunksioneer het, kan ek nie sê nie.

U was op patrolliediens, het u gesê? -- Ja.

Het u rondom die vergaderplek beweeg voor die vergadering begin het? -- Ja, dit is korrek.

Wie van die bekende persone het die ASRO vergadering bygewoon? -- Nee, daarvan dra ek nie kennis nie.

Nie een van hulle nie? -- Nee.

/Of

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Of enige welbekende politikus wat die vergadering bygewoon het? -- Nee, ek dra nie kennis nie.

U sê u kan die datum van die eerste een onthou. Wat was die datum? -- Dit was 4 November.

Was daar enigiets spesiaal in verband met daardie datum? -- Ek het nie gegaan spesifiek met die doel om hierdie vergadering te monitor nie, maar die rede waarom ek daardie dag in Atteridgeville/Saulsville was, is soos ek aan die Hof verduidelik het, die algehele "stay-away" was uitgeroep, soos op die pamflet wat ek aan die Hof voorgelê het die Maandag en die Dinsdag en daardie Sondag het ek na die woonbuurt gegaan om die atmosfeer te probeer bepaal en of enige voorafbepaalde reëlings getref word wat sou aansluit by die volgende dag. Ek het nie spesifiek gegaan om daardie vergadering by te woon nie. Ek het nog nooit enige vergadering gemonitor nie.

U het nog nooit 'n vergadering van ASRO gemonitor nie? -- Nee, dit was net toeval dat daardie vergadering op dieselfde Sondag was waarop ek daar was en daarom het ek net 'n draai by die kerk gemaak.

Op 4 November, was die matriekklasse besig om hulle eksamens te skryf? -- Ek kan nie sê of hulle op daardie spesifieke dag geskryf het nie.

HOF : Nie op die Sondag nie. -- Dit is 'n Sondag.

MNR. BIZOS : Gedurende daardie tydperk. In November, was hulle besig om matriekeksamen te skryf? -- Dit kan wees, ja.

Laat ek u goed verstaan dat u sê u het gehoor dat dr. Nkomo skoliere, insluitende seer sekerlik die matriekklasse aanraai om nie skool toe te gaan nie. Is dit wat u sê? -- Dit is reg, ja.

Miskien sal Sy Edele 'n kans kry om dr. Nkomo daaroor te hoor. Wanneer was die ander vergadering? Kan u die datum onthou? -- Hy was 17 Februarie.

/Waar

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Waar was daardie vergadering? -- Ek kan nie nou die kerk spesifiek of presies onthou nie.

U was nie daar nie? -- Ek was nie daar nie.

U weet nie of die vergadering uitgestel was of nie? -- Volgens inligting het dit wel plaasgevind.

Uit u eie kennis weet u nie of die vergadering plaasgevind het of nie? -- Nee.

Wanneer was die ander vergadering? -- 17 Maart.

Uit u eie kennis weet u of daardie vergadering plaasgevind het of nie? -- Nee.

Wanneer was die ander vergadering? -- Nee, dit was net die drie.

Vir hoe lank het beskuldigde nr. 21 by kantoor gebly toe hy ingetrek of gevra was om Kompol toe te kom, volgens u getuienis? -- Nee, ek kan nie die presiese tyd onthou nie.

Was die beweerde gesprek waarvan u gepraat het op die eerste, die tweede of die derde keer dat hy ingetrek is of gevra is om in te kom of kan u dit nie onthou nie? -- Nee, voor die totstandkoming van die UDF was hy ook al 'n paar keer daar.

In 1983 of 1982? -- 1982 en 1983.

Ons praat nie van daardie geleenthede nie, of dit waar is of nie, ek weet nie van 1982 nie. Laat ons praat van die intrekking na Augustus 1983? -- Nee, dit was net die een keer na 1983.

Net een keer? -- Ja.

HOF : Na Augustus? -- Ekskuus, na Augustus 1983. Ek is jammer.

MNR. BIZOS : Was hy ingetrek of was hy gevra om te kom?

HOF : Is daar 'n verskil tussen intrek en insleep en inroep? -- Nee, ek beskou dit as dieselfde.

MNR. BIZOS : Ja, maar ek het verstaan dat u 'n verskil gemaak het. Ingetrek is wanneer jy 'n man van sy huis af gaan wegneem?

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

-- Ja, jy bring hom in kantoor toe.

Dit is ingetrek? -- Ja.

Wel, was hy in daardie sin ingetrek? -- Hy was na ons kantoor toe gebring, ja.

Deur wie? -- Ek het die dag gegaan. Ek kan nie onthou wie die Swarte was wat saam met my gegaan het nie en by die kantoor was kaptein Loots, seksiehoof.

Was hy die senior man? -- Ja, hy is die seksiehoof.

Was hy alreeds 'n kaptein of was hy nog 'n luitenant? -- Hy was 'n luitenant nog.

Wat het mnr. Loots aan beskuldigde nr. 21 gesê? -- As gevolg van die skole-onrus en inligting wat ons bekom het dat hy betrokke is daarby, het ons hom gevra.

Wat het u aan hom gesê? -- Ek kan nie die presiese woorde onthou en al die vrae onthou nie, dit is drie jaar terug.

Wat is die beskuldiging teen hom? -- Daar was nie 'n beskuldiging teen hom nie. Op 'n vraag het hy gesê hy is die organiseerder van die UDF. Daarom het ons hom gevra.

Wou hy nie weet "Wat wil julle hê? Arresteer julle my of nie?" -- Nee, ons het dit duidelik aan hom gestel hy is nie in arres nie.

Het hy nie aan u gesê "Kyk, ek is baie gelukkig hier by die huis, ek wil nie saamkom nie"? -- Nee, hy het saamgekom.

Maar waarom sou hy saamgekom het as hy nie gesê is dat hy verplig is om na die kantoor te kom nie? -- Hy was nie verplig nie.

Ek kan dit nie verstaan nie. -- Ons het dit duidelik aan hom gestel, die inligting wat ons het, van sy beweerde betrokkenheid by die skole-onrus, daarom het ons hom kantoor toe gebring en hy het ingestem en hy het saamgekom.

Wat was die doel van die besoek aan Kompol? Het hy nie

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

gevra "Kyk, jy het my gevra en ek het jou gesê. Dit is nou onnodig om na jou kantoor te gaan" nie? -- Wel, hy het saamgekom na ons kantoor toe waar ons ordentlik met hom kan gesels.

Is u ondervinding dat hierdie persone, ons sal hulle politici noem, bewus is van hulle sogenaamde regte? -- Ja, dit kan wees.

Het hy nie vir julle gesê "Kyk, ek wil nie saam met julle ry nie. Ek is baie gelukkig hier. As ek nie gearresteer is nie of as julle nie van plan is om my aan te hou nie, bly ek hier" nie? -- Nee, hy het saamgekom.

Ek stel hierdie vrae aan u omdat dit nie gebeur het nie? -- Maar dit het gebeur. Kaptein Loots kan ek as getuie inroep.

HOF : Stel u dat hy nie vrywillig saamgegaan het nie of dat hy glad nie saamgegaan het nie?

MNR. BIZOS : Hy is net twee keer aangehou en ek het alreeds die datums gegee. Toe julle in die motor was en gery het, het julle gepraat? -- Ja, maar nie altyd baie nie.

Waaroor het julle gepraat? -- Ek kan dit nie onthou nie.

Wou hy nie weet hoe lank hy miskien u besoeker sou wees nie? -- Nee, nie wat ek van kennis dra nie.

Voor hy sy huis verlaat het, het hy nie miskien vir sy vrou gesê "Kyk, die speurders van die veiligheidstak het my genooi om na hulle kantoor te gaan" nie? "As ek nie terugkom binne 'n paar uur nie, bel 'n prokureur" of so iets? -- Nee.

Het hy nie gevra of dit nou nodig is om 'n tandeborsel en tandepasta saam te neem nie? -- Nee. Ons sou dit vir hom gesê het as hy gearresteer was dat hy dit moet saambring.

Het hy nie aan u gesê "Kyk, as julle vrae het om te stel, stel asseblief die vrae hier. Dit is onnodig om petrol te mors en my na Kompolgebou te neem" nie? -- Nee.

Is hy by die kantoor ondervra of nie? -- Daar was vrae

/aan

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

aan hom gestel.

Is hy ondervra? -- Daar is vrae aan hom gestel.

Hoe lank sê u sou die ondervraging geduur het? -- Nee, dit kan ek nie sê nie.

Het enige persoon nie notas gemaak van die ondervraging nie? -- Nee. Miskien het kaptein Loots, maar ek het nie.

Maar as kaptein Loots notas gemaak het, sou dit seer sekerlik in u teenwoordigheid gewees het? -- Nee, hy was in sy kantoor gewees en my kantoor is nie dieselfde kantoor nie.

Voor u besluit het om die getuienis te gee, het u nie vir kaptein Loots gevra "Kyk, kaptein, het u enige notas gemaak van die gesprek tydens die ondervraging van die man?" nie? -- Ek het nog nie weer met kaptein Loots gepraat oor die aangeleentheid nie.

Wou u nie heeltemal seker maak of kaptein Loots notas gemaak het of nie? -- Wel, dan moet kaptein Loots kom getuig.

Nee, maar kyk, as u geroep is om getuienis te gee in verband met wat amper drie jaar gelede sou plaasgevind het, wou u nie seker maak of daar 'n gelyktydige rekord was van die gesprek nie? Wou u nie weet nie? -- Nee.

Waarom nie? -- Omdat kaptein Loots 'n offisier is en wat hy in sy kantoor doen, kan ek nie vir hom sê wat hy moet doen nie.

Sê u dat kaptein Loots moontlik vir hom ander vrae gevra het as wat u vir hom gevra het? -- Dit kan moontlik wees.

Maar in elk geval, sal u nie saamstem dat as daar enige notas of enige verklaring was, dit baie beter sou gewees het omdat daar geen stryery kon gewees het in verband met wat gesê sou gewees het nie? -- Dit wat hy geantwoord het was nie nodig om 'n klag te lê nie. Waarvoor moes ons notas gemaak het?

Die klasboikot was iets wat baie belangrik was vir die

/gemeenskap

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

gemeenskap, nie waar nie? -- Ja.

En as so 'n belangrike erkenning aan u gemaak was, waarom is dit nie neergeskryf nie? -- Ons het dit nie op daardie stadium dit nodig geag nie. Ons het nie rekord gehou daarvan nie.

Die persone wat u intrek of nooi, is daar enige rekord gehou dat X is ingetrek of ingenooi? -- Nee.

Waarom nie? -- Daar word net aan hulle uitgewys, ons probeer op 'n ordentlike manier aan hulle dit te stel dat ons kennis dra van hulle bedrywighede en dat hulle moet pogings aanwend om af te sien daarvan, dat wet en orde kan gehandhaaf word en kan geskied in die gebied.

Was dit 'n waarskuwing? -- Ek sal nie sê dit was 'n waarskuwing nie.

Nie 'n waarskuwing nie? -- Ek sou sê dit was 'n versoek wat 'n mens tot hulle rig.

Maar 'n belangrike versoek? -- Ja, baie beslis, omdat hulle 'n leidende rol speel.

Die erkenning van daardie bewering sou 'n baie belangrike erkenning gewees het in verband met die optrede van die polisie in die toekoms, nie waar nie? -- Ja, dit kan moontlik wees.

Was die gesprek in u kantoor of in mnr. Loots se kantoor? -- Hy het eers in my kantoor gesit en toe was hy na kaptein Loots se kantoor toe.

Die vraag is, die gesprek met u, toe die erkenning gemaak is, is dit in u kantoor of in mnr. Loots se kantoor? -- Hy het in my kantoor gesit toe hy gesê het hy is die organiseerder van die UDF.

En dit is nie in kaptein Loots se kantoor gemaak nie? -- Hy kon dit daar ook gesê het. Daar was 'n tyd wat ek nie

.../ teenwoordig

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

teenwoordig was nie.

Nee, ons praat nou van u teenwoordigheid? -- Nee, nee, nee. Ek het genoem dat hy gesê het hy is die organiseerder.

Sal u asseblief vir ons sê in verband met die verskuiwing van mense, wat se persoonlike kennis dra u daarvan? -- Nee, ek dra geen kennis oor daardie aangeleentheid nie.

Insoverre u oor daardie verskuiwing gepraat het, u het geen persoonlike kennis nie? -- Ek het geen kennis daarvan nie.

Is enige skriftelike verklaring van u geneem voor u in die hof gekom het? -- Bedoel u nou van Vrydag?

Nee, verlede week? -- Verlede week het ek 'n verklaring afgelê, ja.

Aan wie? -- Aan die aanklaer.

Aan wie? -- Aan die aanklaer, mnr. Hanekom.

Dra u enige kennis in verband met die geskil tussen ASRO, die gemeenskapsorganisasie en die raadslede? Dra u enige persoonlike kennis? -- Nee, maar wat ek van weet is dat ASRO in die lewe geroep is om as opponent te dien vir die Swart-gemeenskapsraad, as opposisie.

Die baie vergaderings wat gehou is, dra u kennis van die houding van die komitee van ASRO teenoor die huurverhoging in die gebied? -- ASRO was nie tevrede met die huurverhoging nie.

Behalwe dit, dra u enige ander persoonlike kennis? -- Nee.

Dra u enige persoonlike kennis van die regsstappe wat deur ASRO gedoen is om die verhogings as ongeldig te verklaar? -- Dit mag moontlik wees. Ek dra nie kennis nie. Dit is 'n geval vir hulle eie belang.

Dra u persoonlike kennis van die houding van die komitee en veral dr. Nkomo self om prokureurs en advokate in

... / die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

die howe te gebruik om die regte van sy mense te ondersteun? -- Dit mag moontlik wees. Ek dra nie kennis daarvan nie.

Dra u enige kennis dat raad aan ASRO gegee is dat op twee geleenthede toe die huurgeld verhoog was, dat dit ongeldig was en dit onnodig vir die mense was om die verhoogde huurgeld te betaal? -- Ek dra nie kennis daarvan nie.

Maar dat die komitee uiteindelik toe die Stadsraad die posisie duidelik gemaak het, aan die mense gesê het om die verhoogde huurgeld te betaal? Dra u enige persoonlike kennis daarvan? -- Ek dra nie kennis daarvan nie.

Weet u van die rol wat die gemeenskapsorganisasies soos SAYO en ASRO gespeel het om uiteindelik die boikot van skoolklasse te staak? -- SAYO het nie gedurende 1984 baie gefunksioneer nie, want, ek dink dit is artikel 46 van die Verbod op Openbare Byeenkomste was van toepassing tot en met Oktober. Daarom het hy nie gefunksioneer gedurende daardie tydperk nie.

En u het geen persoonlike kennis watter rol die organisasies gespeel het in verband met die staking wat die huurgeldboikot genoem was nie? -- Nee.

U het seer sekerlik geweet wat die geskilpunte in die saak is tussen die verdediging en die Staat voor u na die getuiebank gekom het?

HOF : Daar is nie baie mense wat dit weet nie.

MNR. BIZOS : Die hoofgeskille tussen die Staat en die verdediging in hierdie saak? -- Ek dra nie soveel kennis nie. Ek weet net dit is 'n hoogverraadsaak.

U weet ten minste dat die Staat probeer om die UDF verantwoordelik te hou vir 'n deel van die onluste in elk geval wat in die land was? -- Ja, dit is korrek.

En ek wil dit aan u stel dat dit die rede is waarom u beskuldigde nr. 21, van wie ons nog nooit tevore in hierdie

/saak

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

saak gehoor het nie, ingebring het? -- Nee, hom ken ek al baie lank.

Ek wil dit duidelik aan u stel dat beskuldigde nr.21 nie gedurende 1982 ingetrek is of uitgenooi is om na Kompol te kom nie, maar dat sy vorige besoek, wat onwillig was, was gedurende 1967?

HOF: 1967?

MNR. BIZOS : Nee, 1976. -- Toe was ek nog nie by die tak nie. Ek kan nie daaroor getuig nie.

Vir een dag gedurende 1981? -- Ek het in 1981 by die tak gekom, einde 1981.

Dit is datums wat die beskuldigde wel onthou.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

MNR. HANEKOM : Die volgende getuie gaan weer getuig oor Tumahole en ek het opdrag ontvang om aansoek te doen dat die getuie *in camera* getuig.

HOF WORD ONTRUIM.

- - - - - - - - - -

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.